HOOFSTUK 3

TEORETIESE RAAMWERK

3.1 Inleiding

Die misdaadgebeurtenis-model van *Sacco* en *Kennedy* (1994 en 2002) is die teoretiese raamwerk wat in hierdie studie aangewend word om die motiewe vir bedrog te sistematiseer en te ontleed.

Misdadige gedrag is dinamies en kan daarom nie volgens ’n statiese oorsaaklikheidsteorie verklaar word nie, hetsy die teorie op persoonlike karaktereienskappe van die oortreders fokus of hul maatskaplike of familie-agtergrond. Aangesien die situasie of konteks van heelparty misdade baie spesifiek is, moet ’n verklaring vir bedrog gesoek word deur ’n dinamiese situasionele benadering te volg wat nie net op die oorsake van die gedrag fokus nie, maar ook op die situasionele faktore soos fasiliterende, sneller-, voorafgaande en katalitiese faktore (*Fattah* 1997:255).

Die misdaadgebeurtenis-model is by uitstek geskik as teoretiese raamwerk omdat dit voorsiening maak vir beduidende faktore en veranderlikes voordat die misdaad (bedrog) gepleeg word en ook fokus op die misdaadgebeurtenis self sowel as die gevolge en implikasies van die oortreding. Hierdie model dek dus die hele spektrum van die misdaad.

In die fase wat ’n misdaad voorafgaan, word daar onderskei tussen verskeie veranderlikes wat deel uitmaak van die misdaadgebeurtenis, naamlik die voorlopers, predisponerende, kwesbare, voorafgaande en snellerfaktore. Dit is hierdie faktore wat die ontleding van die motiverings vir bedrog vir die navorser vergemaklik. Die misdaadgebeurtenis-model wat deel vorm van hierdie ondersoek, verleen ’n ander dimensie aan die soektog na die motiveringsfaktore deurdat dit hoofsaaklik op die individu-gerigte perspektief konsentreer. Hiervolgens word heelwat meer faktore in berekening gebring in die poging om die motiveringsfaktore te bepaal.

Deur die insluiting van die predisponerende, kwesbare, voorafgaande en snellerfaktore word dikwels ’n breër perspektief verkry op die motiveringsfaktore in die pleeg van misdaad. Soos in hoofstuk 1 gemeld is, is ’n oortreding ’n proses en is dit die doel van hierdie model om hierdie proses met betrekking tot die oortreder te ondersoek en weer te gee. Die misdaadgebeurtenis-model gee gevolglik ’n holistiese beeld van die motiveringsfaktore vir die pleeg vir bedrog deurdat dit die hele verloop van die misdaadvoorval binne konteks plaas. Dit verskaf dus nie ’n enkele lukrake oorsaak nie, maar eerder ’n geheelbeeld van ’n reeks bydraende faktore.

Ter verduideliking van die ondersoek en die aanwending van die misdaadgebeurtenis-model daarin word dit in twee afdelings in hierdie hoofstuk

aangebied en bespreek, naamlik die misdaadgebeurtenis-model van *Sacco* en *Kennedy* en die evaluering van die model vir die studie.

3.2 Uiteensetting van Sacco & Kennedy se misdaadgebeurtenis-model

Om ’n behoorlike studie van ’n misdaad soos bedrog te kan maak, onderskei *Sacco* en *Kennedy* (2002:10-11) tussen drie wesenlike dimensies of sleutelkomponente van die misdaadgebeurtenis-model, naamlik voorlopers van die misdaad, die misdaadhandeling self en die nadraai daarvan.
Die motivering van die oortreder en die optrede van die slagoffer, asook die rol van die polisie in hul reaksie op misdaad oor die algemeen, is die elemente oftewel die **voorlopers** wat die waarskynlikheid van ’n misdaadhandeling bepaal. Die **misdaadhandeling** word binne ’n bepaalde opset (tyd en plek) uitgevoer, wat bestudeer moet word saam met die agtergrond waarteen en die domein waarin dit plaasvind. Die **nadraai** van die misdaadgebeurtenis behels die samelewing se reaksie daarop, asook die skade wat berokken is. Die openbare reaksie en moontlike wysiging van wetgewing verteenwoordig die gevolge van die misdaad op lang termyn.

Sacco en *Kennedy* (1994:137) postuleer dat in die bestudering van die misdaadgebeurtenis dit belangrik is om verklarings te ontwikkel wat meer insluit as slegs die motiverings van oortreders of die reaksies van die slagoffers.

Dit is veral die reaksies van die slagoffers wat toenemend aandag geniet. Dit is ‘n aspek wat in die verlede verwaarloos was.

Sacco en *Kennedy* (2002:8) voer weer aan dat kriminoloë nie kan hoop om misdaad in die gemeenskap te verstaan sonder om na die wetsoortreder te verwys nie. Misdaad het meer om die lyf as bloot die oortreder. In die meeste gevalle sluit dit ook slagoffers in wat viktimisering deur die oortreders teenstaan en dit beïnvloed weer hul handelswyse. Misdade kan ook omstanders en ooggetuies betrek wie se teenwoordigheid hulle dalk kan afskrik of wie se stilswyende goedkeuring van die dade die pleeg van verdere misdaad kan fasiliteer.

Misdaad kan ook nie geskei word van die fisiese en maatskaplike omgewing waarin dit voorkom nie. Baie vorme van misdaad word intrinsiek gekoppel aan die roetine-aktiwiteite waar sowel die oortreder as die slagoffer teenwoordig is, asook die plekke waar hierdie voorvalle plaasvind.

’n Ander belangrike aspek van hierdie model is die rol van maatskaplike omstandighede en domein wat deur die sogenoemde “*criminal event place*” gefasiliteer word en sekere faktore saamvoeg wat gewoonlik die potensiaal vir misdaad vergroot. Hierdie plekke word as volg beskryf: “*Criminal event places can be seen as parallel to what Barker and Schoggen (1973) call behavior settings, environments in which one could expect prescribed forms of behavior to occur. These places have been discussed in terms of high-risk neighborhoods or*

areas such as 'zones of transition' where crime incidence is higher than in other areas. Crime places also include drug markets and prostitution strolls. Criminal event places are mutations or alterations of general event spaces. Criminal events are also influenced by the social domains in which they occur."

Hierdie omgewing waarbinne voorgeskrewe gedragsvorme voorkom waarna *Barker* en *Schoggen* verwys, kan ook die werkplek insluit.

Misdaadgebeurtenisse strek oor 'n tydperk op 'n voortvloeiende wyse. Die hoofkomponente is:

- die voorlopers van die gebeurtenis, insluitende die plekbepaling en situasionele faktore wat mense in tyd en ruimte bymekaarbring;
- die transaksies (misdaadgebeurtenis), wat aandui hoe die interaksie tussen die deelnemers die uitkoms van hul optrede bepaal;
- die nadraai (nagevolge) van die voorval, wat insluit die aanmelding daarvan by die polisie en hul reaksie, die skade wat aangerig is en die vergoeding wat vereis word, asook die langtermyngevolge van die voorval met betrekking tot die publiek se reaksie en gewysigde wetgewing (*Sacco* en *Kennedy* 2002:8-9).

3.3 Die misdaadgebeurtenis

Kriminoloë is geïnteresseerd in meer as bloot die motivering van die oortreder, die handelinge van die slagoffers wat tot die misdaadgebeurtenis gelei het of die rol van die polisie wat op die voorval gereageer het. Hierdie elemente vloei in 'n

transaksie ineen wat die waarskynlikheid vergroot dat misdaad gaan plaasvind. Sulke transaksies vertoon temporele en ruimtelike kenmerke.

Die begrip “misdaadgebeurtenis” moedig kriminoloë dus aan om misdaad te konseptualiseer met betrekking tot alles wat dit werklik omvat en strek wyer as slegs die bestudering van die oortreder.

Die aard van hierdie ondersoek stel die navorser in staat om ‘n geheelbeeld van die betrokke gevalle wat ondersoek is te verkry deurdat van die bronne soos byvoorbeeld die voorvonnisverslae, die luister na bandopnames ensovoorts die navorser in staat stel om dit te doen.

Die hieropvolgende verduideliking van die model poog om hierdie aspekte te verhelder.

3.3.1 Voorlopers

Die bestudering van die voorlopers van misdaadgebeurtenisse stel die navorser in staat om te sien hoe gedrag wat as misdadig in een situasie beskou word, weens omstandighede dalk nie dieselfde gevolge in ’n ander situasie het nie. Die verband tussen die rolspelers, die interpretasie van die skadelikheid van misdadige optredes, die verwagte reaksies op sekere gedrag en die aard van die misdaadterrein vorm nie altyd ’n kombinasie wat ’n misdadige opset skep nie (*Sacco* en *Kennedy* 1994:138).

Sacco en *Kennedy* wys daarop dat ’n begrip van hierdie voorlopers ’n mens nie noodwendig in staat stel om die misdadige uitkoms met groter sekerheid te voorspel nie. As voorbeeld noem hulle die moord op ’n metgesel wat veel moeiliker is om te voorspel as byvoorbeeld die herhaalde voorkoms van interpersoonlike geweld.

Die navorser huldig *Sacco* en *Kennedy* se mening dat hierdie voorlopers ‘n persoon nie noodwendig in staat stel om die misdadige uitkoms met groter sekerheid te voorspel nie. Die kriminoloog verkry egter insig tot die oortreding deurdat die voorlopers ‘n gebalanseerde afronding van die misdaad situasie daarstel ten opsigte van die konteks waarbinne die misdaad gepleeg is.

In die bepaling van die voorlopers van misdaad word die misdaadgebeurtenis rekonstrueer aan die hand van inligting wat dikwels verdraai is weens ’n feilbare geheue, rasionalisering en so meer. Dit is eintlik hierdie proses wat die howe gebruik om die skuld of onskuld te bewys in die gevalle wat voor hulle verskyn. Om geregtelike en maatskaplike realiteite daar te stel, moet kriminoloë ’n soortgelyke proses in hul benadering van die misdaadsituasie volg en inkorporeer.

3.3.2 Die misdaadgebeurtenis

Deur die bestudering van die misdaadgebeurtenis word beweeg in die rigting van die ontleding van die voorvalle in ’n poging om vas te stel onder watter omstandighede die misdaadvoorvalle plaasgevind het, asook met watter

frekwensie, dit wil sê hoe dikwels die misdaad gepleeg is en wat die omvang daarvan was. Hier stel die kriminoloog veral belang in spesifieke groepe wat deur spesifieke misdade geraak word. Dit is in hierdie konteks dat dit ons help om die veranderings in oortreders se gedrag te ontleed en die mate van viktimisering te bepaal. Die misdaadvoorval word dus nie in isolasie beskou nie, maar eerder in samehang met ander maatskaplike sowel as misdadige gebeurtenisse. Die kriminoloog stel ook hier veral belang om te begryp hoe misdaadpatrone inskakel by neigings wat verband hou met maatskaplike omstandighede, ekonomiese veranderings, veranderings in bronne vir polisiëring, ensovoorts.
Die maatskaplike omstandighede sowel as ekonomiese veranderings word duidelik in die voorvonnisverslae van die oortreders wat navorser ontleed het weerspieël.

Misdaadgebeurtenisse is nie dinamies met betrekking tot hul reaksie op interaksionele faktore in die omgewing nie, maar ook die sienings wat daaromtrent gehuldig word deur alle belanghebbende partye. Hierdie sienings verander gedurig in reaksie op die ontwikkeling van politieke en kulturele waardes.

3.3.3 Die nadraai van die misdaadgebeurtenis

Die mate waarin ’n geïntegreerde perspektief ontwikkel word, is grootliks afhanklik van die soort inligting oor die misdaadvoorvalle waartoe navorsers

toegang het. Hier val die klem nie slegs op die eintlike misdaadvoorval nie, maar op die reaksie van onder andere die polisie en die slagoffers. Met inagneming van die nagevolge van die misdaadgebeurtenis stel die navorser hier belang in die mate waarin die slagoffer skade aangedoen is en in die hulpbronne wat nodig is om sy/haar herstel te bevorder. Kriminoloë wil ook vasstel of die slagoffer van mening is dat hy/sy die voorval met of sonder straf sal kan oorleef.
Dit is veral tydens die empiriese fase van hierdie ondersoek dat die kundiges wat navorser onderhoude mee gevoer het, kwessies aangaande die nagevolge van die misdaadgebeurtenis soos byvoorbeeld skade wat die slagoffer aangedoen is verhelder het. Aangeleenthede soos die Suid-Afrikaanse strafregstelsel is breedvoerig bespreek.

Ander navorsers soos *Schmalleger* (1996:28) beklemtoon ook die belangrikheid van die misdaadgebeurtenis. Dit sluit nie net die oortreder in nie, maar ook die slagoffer, gemeenskap en die strafregstelsel. Hier word as voorbeeld aanvaar dat die oortreder ’n unieke organisme is wat betref die individu se persoonlikheid, motivering, opset, waardes, oortuigings en verskillende vorme van kennis.

Vanuit hierdie verwysingsraamwerk is dit duidelik dat oortreding ’n omvattende gebeurtenis is en nie slegs die onmiddellike voorval self behels nie.
So speel ook die gemeenskap ’n bydraende rol in die misdaadgebeurtenis. In die geval van byvoorbeeld afspraak-verkragting (“date rape”) aanvaar sommige mans dat die betrokke vrou hom iets “skuld” vir die geld wat hy op haar uitgegee

het. Die navorser glo dat die probleem voortspruit vanuit vroeg aangeleerde gedrag waar waardes met betrekking tot die manlike rol in sulke omstandighede gekommunikeer word in die media. Met ander woorde, die gemeenskap met sy uiteenlopende waardes wat hulle onder sekere omstandighede aan mense oordra, kan die grondslag vorm van sekere soort oortredings of daartoe aanleiding gee (*Schmalleger* 1996:28-30).

Ander aspekte wat van belang vir die kriminoloog is tydens die nadraai fase van die misdaadgebeurtenis, is neutralisering en rasionalisering (sien afdeling 2.6). Wat hiervolgens voortspruit help die kriminoloog om die oortreder se rede vir optrede te probeer verstaan.

3.4 Rolspelers in die misdaadgebeurtenis

Die belangrikheid van die misdaadgebeurtenis word beklemtoon en dit berus op die opvatting dat die misdaadhandeling verskillend geskep en verskillend geïnterpreteer word. Die konsep “sosiale relatiwiteit” om misdadigheid te bestudeer word toegepas. Dit behels die argument dat sosiale gebeurtenisse verskillend geïnterpreteer word volgens die kulturele opvattings en persoonlike belangstellings van die inisieerder en die waarnemer of die ontvanger van daardie gedrag. Kortliks behels die misdaadgebeurtenis die uiteindelike gevolg van die samevoeging van al daardie insette wat deel vorm van die uiteindelike oortreding, naamlik:

- die oortreder;
- die slagoffer;

- die gemeenskap; en
- die strafregstelsel.

3.4.1 Die oortreder

Die oortreder bring saam met hom/haar persoonlike lewenservarings, ’n besonderse biologiese samestelling, ’n persoonlikheid, gedragsmotivering, doelstellings, waardes en opvattings en verskeie vorme van kennis waarvan sommige goed te pas kan kom in die pleeg van ’n bepaalde soort misdaad. Navorsing beklemtoon die invloed van byvoorbeeld kinderopvoedingspraktyke op latere misdadige gedrag. *Joan McCord* (in *Schmalleger* 1996:28) het ná ’n dertig jaar lange studie van familieverhoudinge en misdaad bevind dat die inboesem van selfvertroue, en nie bestraffende of liefhebbende moeders nie, seuns isoleer van afwykende of misdadige gedrag in hul latere lewe. So is ’n problematiese bevalling ook al met misdaad tydens volwassenheid verbind. Of ’n individu wat geboortetrauma ondergaan het en positiewe moederlike ervarings ontneem is, tot misdaad geneig sal wees, hang af van baie ander dinge wat sy/haar eie vermenging van ander ervarings en eienskappe insluit, asook die aanwesigheid van die gepaste slagoffer, die onvermoë van die strafregstelsel om misdaad te voorkom en die evolusie van die maatskaplike omgewing waarin misdadige gedrag in ’n mate bevorder word.

3.4.2 Die slagoffer

Dit gebeur selde dat misdaad nie ’n slagoffer het nie. Somtyds is die slagoffer slegs ’n passiewe deelnemer aan die misdaad, soos wanneer onskuldige omstanders getref word deur lukrake geweervuur in ’n verbyry-skietery in die straat buite hul huise. In sekere gevalle kan die slagoffer selfs tot die hewigheid van die voorval bydra, byvoorbeeld deur die oortreder uit te lok. Die slagoffer kan ook tot sy/haar eie viktimisering bydra deur weerloos voor te kom en nie die nodige voorsorgmaatreëls te tref soos om die voordeur ongesluit te laat, te vergeet om die motorsleutels uit die voertuig te verwyder, groot bedrae geld in die openbaar te vertoon of om bloot op die verkeerde plek op die verkeerde tyd te wees.

3.4.3 Die gemeenskap

Die gemeenskap dra ook by tot die misdaadgebeurtenis by wyse van die definiëring van sekere situasies en die opstel van openbare beleid. Met ander woorde, die gemeenskap kan deur hierdie uiteenlopende waardes met betrekking tot mense, eiendom en die gedrag onder sekere omstandighede die basis vir sekere oortredings vorm.

Terselfdertyd kan ander sosiale wortels wat tot misdaad lei, geïdentifiseer word, byvoorbeeld generiese sosiale omstandighede soos armoede, gebrekkige opvoeding en diskriminasie. Hierbenewens kan die gemeenskaplike ekonomie

(vrye ondernemingsgees van die Weste) wat die inhoud van die massamedia en die beskikbaarheid van dienste bepaal, ’n sterk houvas op menslike gedrag hê, hetsy misdadig of ander.

3.4.4 Die strafregstelsel

Die strafregstelsel dra, hoewel ongeneë, net soos die oortreder by tot die misdaadgebeurtenis, hoofsaaklik deur sy onvermoë om gevaarlike potensiële misdadigers te identifiseer en te behandel, asook die vroeë vrylating van veroordeelde misdadigers wat later gewoontemisdadigers kan word. Die gevangenis kan “’n skool vir misdaad” wees wat haat teenoor die gemeenskap aanwakker en ’n neiging tot voortgesette misdadigheid bevorder. Die mislukking van ook misdaadvoorkomingsprogramme dra by tot die skep van ’n platform vir die misdaadgebeurtenis (*Schmalleger* 1996:27-31).

Statistiese gegewens van die Departement Korrektiewe Dienste dui op plaaslike gevangenisse wat oorbevolk is. Rehabilitasieprogramme is beperk en in die media word na tronke verwys as misdaaduniversiteite.

3.5 Voorlopers van die misdaadgebeurtenis

In hierdie studie word gefokus op slegs die voorlopers wat tot die pleeg van bedrog aanleiding gee. Die doel hiermee is om die motiveringsfaktore vir die

pleeg van bedrog te probeer bepaal. Soos enige teorie berus hierdie geïntegreerde model op aannames wat in *Van der Hoven* (2001:82) vervat is:

3.5.1 Voorlopers

Hierdie kategorie is seker die belangrikste komponent van die misdaadgebeurtenis-model, aangesien dit die kern van hierdie studie raak, naamlik die ondersoek na die motiveringsfaktore vir die pleeg van misdaad en, in hierdie geval, bedrog. Kriminoloë maak ’n diepgaande studie van al die faktore wat tot die misdaadvoorval aanleiding gegee het. Hierdie faktore is:

3.5.1.1 Predisponerende (voorafbepaalde) faktore

Die predisponerende (voorafbepaalde) faktore is onder meer genetiese afwykings, temperament, intelligensie en oorerflike siektes soos epilepsie wat teenwoordig is en ’n uitwerking op die oortreder se gedrag kan hê.

3.5.1.2 Kwesbare faktore

Eienskappe wat ’n rol kan speel, is byvoorbeeld vrygewigheid en ’n swak finansiële oordeel wat die persoon gevolglik in die moeilikheid laat beland.

3.5.1.3 Presipiterende (voorafgaande) faktore

Hier word gesoek na faktore wat die misdaad voorafgegaan het, soos slegte skuld en onvergenoegdheid in die werkplek.

3.5.1.4 Snellerfaktore

Wat hier van belang is, is die faktore wat direk tot die aanloop van die oortreding bygedra het. ’n Voorbeeld is waar die oortreder se huis deur die finansiële instelling teruggeneem sou word.

3.6 Die misdaadhandeling

Aandag word aan die besonderhede van die spesifieke voorval gegee, veral die omgewing waarin die misdaad gepleeg word. Kennis van die spesifieke misdaad, in hierdie geval al die fasette van bedrog, is noodsaaklik om die oortreding as sodanig te begryp om sodoende die misdaadomgewing te interpreteer. Volgens *Sacco* en *Kennedy* (2002:116) is die rolle wat die werknemer in die werkplek vervul, die waarskynlikste aanduiding van betrokkenheid by ’n sekere soort misdaadgebeurtenis. Sommige beroepe verhoog die risiko dat werknemers aan misdadige viktimisering blootgestel word, terwyl ander beroepe vir hulle geleenthede bied om ander mense te viktimiseer.

3.7 Die nadraai van die misdaadhandeling

Klem word hier gelê op al die faktore wat met die misdaadvoorval verband hou. Dit sluit in gevolge en implikasies wat die voorval vir die oortreder sowel as die slagoffer en die gemeenskap inhou.

3.8 Samevatting en gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is aandag gegee aan die misdaadgebeurtenis-model van *Sacco* en *Kennedy*. Die geïntegreerde misdaadgebeurtenis-model is uniek in die opsig dat die oortreder binne sy/haar konteks bestudeer word betreffende die verklaring van die misdaadgebeurtenis. Die feit dat die geïntegreerde model genoeg ruimte laat vir aanpassing by elke situasie met inagneming daarvan dat elke oortreder sowel as oortreding uniek is, onderstreep die belangrikheid van hierdie model. As gevolg van die buigsaamheid van die model maak dit voorsiening vir slegs sekere elemente wat op ’n spesifieke geval van toepassing is en dienooreenkomstig toegepas word.

Een van die sleutelkomponente van die model, naamlik die voorlopers van die misdaadhandeling, skep ’n ideale opset waarbinne die motiveringsfaktore vir bedrog ontleed kan word. Hierdie faktore werp noodwendig lig op die misdaadgebeurtenis sodat ’n gepaste verklaring vir bedrog ontwikkel kan word. In die volgende hoofstuk word die metodologiese werkswyse uiteengesit waarvolgens die empiriese navorsing van die studie uitgevoer is.